**DONDERDAG 26 FEBRUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: RUT 2:11-22 (OAV & NAV)**
**FOKUSGEDEELTE: RUT 2:12**

## Boas – Deur God gebruik om geskenke uit te deel

Die boek Rut begin met twee weduwees en hulle leë lewens. Hulle is in ’n benarde situasie: ’n leë spens en ’n leë huis. Wie gaan vir hulle sorg?

Die Here sorg. Hy het vir Rut ’n plek op die graanland van Boas (in hom is sterkte) gereed gemaak, ’n man wat Hy gereed gemaak het en op ’n besondere manier gebruik het.

God gebruik Boas om geskenke uit te deel. Die eerste geskenk is ’n oorvloed koring. So is die twee weduwees se onmiddellike nood verlig. Boas se taak is egter nie afgehandel nie. Hy het ’n plig as losser. Hy sien Rut, ’n mens wat onder die vleuels van die Here kom skuil, en hy weet God wil nog ’n geskenk gee. Daardie geskenk is hyself. Hy trou met Rut en sodoende gee God nog ’n geskenk: Naomi se leë huis word vol, sy het ’n nageslag.

Saam met baie ander mense word Boas egter gebruik om die heel grootste geskenk aan die hele wêreld te gee. Die boek Rut eindig met ’n geslagsregister. Boas en Rut se kind word die oupa van Dawid. Dawid ... uit hom word die Messias gebore.

Watter soort mense kan so blymoedig uitdeel soos ’n Boas? Daardie mense wat reeds oorvloedig alles van die Here ontvang het. Daardie mense is die kerk van ons Here Jesus.

Is ons daardie mense? Ons *is* daardie mense! Jesus wil ons gebruik: om mense in nood te help deur ons besittings, maar ook om hulle verder te help deur onsself te gee en veral die heel beste te gee: om Jesus na hulle te bring.

*Sing: Psalm 128:1, 4 (1936)*

*Ds. D (Dirk) van’t Zand (Witpoortjie)*